Ek glo in die Heilige Gees (1)

Met Pinkster het die Heilige Gees kom woon en werk in die kerk van die Here Jesus Christus. Hoe moet ons ons dit voorstel? Van die ander Christelike feeste soos Kersfees, Paasfees en Hemelvaart kan ons vir onsself 'n voorstelling maak – 'n kind in die krip, 'n graf wat oopgaan, 'n Koning wat op die troon gaan sit. Maar Pinkster is vir ons moeilik om te visualiseer. Die Gees is soos die wind. "Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is" (Johannes 3:8). Ons kan die Heilige Gees nie sien nie, maar ons kan Hom wel ervaar. Net soos die wind.

Ons gaan in hierdie en die volgende twee Bybelstudies probeer om drie vrae te beantwoord:
- *Wie is die Heilige Gees?*
- *Waar vind ons die Heilige Gees?*
- *Wat kan ons van die Heilige Gees verwag?*

Wie is die Heilige Gees?

1. Op die vraag wie die Heilige Gees is, moet die eerste antwoord wees: die Heilige Gees is God. Ons bely dit in Sondag 20 van die Heidelbergse Kategismus. Wanneer gevra word: "Wat glo jy van die Heilige Gees?", dan is die antwoord: "Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God."

   Daar is een God, Hy is die drie-enige God. Ons bely in die Geloofsbelydenis van Athanasius: "Die algemene geloof is: Ons moet die een God in die Drieheid en die Drieheid in die Eenheid eer" (Artikel 3). God is Drie-enig. As Vader is Hy God bo ons. As Seun is Hy God met ons. As Gees is Hy God in ons.

2. Die Heilige Gees is 'n Persoon. Hy is nie alleen maar 'n krag nie. Die Bybel spreek wel van die krag van die Heilige Gees (Lukas 4:14; Romeine 15:13; 2 Timoteus 1:7), maar dan is dit die krag van 'n Persoon. Ons bely in die Geloofsbelydenis van Nicéa: "Ons glo in die Heilige Gees, wat Here is en lewend maak. Hy gaan van die Vader en die Seun uit, en Hy word saam met die Vader en die Seun aanbid en verheerlik." 'n Krag kan ons nie aanbid nie, wel 'n Persoon. Dat die Heilige Gees 'n Persoon is, blyk ook uit die volgende: Hy kan praat (Handelinge 13:2; 21:11). Hy kan 'n voorspraak wees of vertroos (Johannes 14:16). Hy kan ons lei (Matteus 4:1; Romeine 8:14).

3. *Hoe word die Heilige Gees genoem*?

- In die Ou Testament word die Gees aangedui as die Gees van God (Genesis 1:2; 41:38) of as die Gees van die Here (Rigters 3:10). Ook word die Heilige Gees genoem die Gees van strafgerig en van uitdelging (Jesaja 4:4). Die profeet Sagaria noem die Heilige Gees die Gees van welwillendheid en van berou; die Gees van genade en smekinge (Sagaria 12:10).

- In die Nuwe Testament word die Heilige Gees aangedui as die Gees van die Vader (Matteus 10:20), die Gees van die Here (Lukas 4:18) of die Gees van Jesus (Handelinge 6:7). Die Heilige Gees is die Gees van die verheerlikte Christus.

- Dat die Heilige Gees 'n Persoon is, blyk ook uit die feit dat ons teen Hom kan sondig:
  - Ons kan die Heilige Gees bedroef (Efesiërs 4:30)
  - Ons kan vir Hom lieg (Handelinge 5:3)
  - Ons kan Hom uitblus (1 Tessalonisense 5:19)
  - Ons kan Hom weerstaan (Handelinge 7:51)
  - Ons kan Hom laster (Matteus 12:31)

4. *Die Heilige Gees is God se **gawe** aan ons*

Petrus sê in sy Pinksterpreek: "*Julle sal die gawe van die Heilige Gees ontvang*" (Handelinge 2:38). Die Heilige Gees is die groot gawe van Christus, die groot gawe van die eindtyd.

- In die eerste plek is Hy die gawe van Christus aan sy kerk. Die Gees van Jesus Christus woon in sy kerk soos in 'n tempel (Efesiërs 2:20). Die kerk is 'n geestelike huis waarin God deur sy Gees woon.
- In die tweede plek woon die Gees ook in die hart van elke gelowige. Elke gelowige is 'n tempel waarin die Heilige Gees woon. Paulus skrywe: "Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang" (1 Korintiërs 6:19).

Die gawe van die Heilige Gees is nie tydelik nie. Jesus sê vir sy dissipels: "Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees" (Johannes 14:17). Al voel jy eensaam, jy is as kind van God nie alleen nie. Hy is by jou. Ons mag dit glo en ons kan dit ervaar.

5. *Die Gees as eerstelingsgawe en as onderpand*

Die apostel Paulus spreek in verband met die toekoms op twee maniere oor die Heilige Gees.

- Eerstens noem Hy die Heilige Gees 'n eerstelingsgawe (Romeine 8:23). Soos die eerste vrug van land en vee aan die Here geoffer is en daarin die hele oes verteenwoordig is, so is die Gees God se eerstelingsgawe aan die kerk. Die volle heerlikheid wat kom, is daarin gewaarborg.
- Tweedens noem Hy die Gees 'n onderpand (2 Korintiërs 1:22; 5:5; Efesiërs 1:14). Hierdie term kom uit die regsfeer. Ons kan dit vertaal met "deposito". Die Gees is die waarborg ons gegewe, dat ons eens die volle som van God se heerlikheid sal ontvang.

6. *Die gawe van die Gees; en die gawes van die Gees*

- Wie die Gees van God as God se gawe ontvang, word self ook 'n gawe. Paulus noem herders en leraars, dominees, ouderlinge en diakens gawes van die Gees (Efesiërs 4:11).
- Die gelowige wat die Gees as gawe ontvang het, ontvang daarby ook die een of ander gawe van die Gees (1 Korintiërs 12:7-11).
- Wie die Gees van God as gawe ontvang het, sal ook in sy lewe die vrug van die Gees openbaar (Galasiërs 5:22).
- Ons moet wel die vrug van die Gees goed onderskei van die gawes van die Gees. Elke gelowige sal in meer of mindere mate die vrug van die Gees in sy lewe sigbaar maak. Wie die vrug van die Gees nie het nie, behoort nie aan Christus nie. Met die gawes is dit anders. Die gelowiges ontvang nie almal dieselfde gawe nie. Die vrug van die Gees word uitgedeel volgens die beginsel van universele skenking (1 Korintiërs 12:13). Die gawes van die Gees word uitgedeel volgens die beginsel van differensiële skenking (1 Korintiërs 12:29-30).

Ek glo in die Heilige Gees (2)

In die eerste bydrae van hierdie Bybelstudiereeks van drie, het ons die vraag beantwoord: Wie is die Heilige Gees.
In hierdie aflewering word die vraag gevra:

Waar vind ons die Heilige Gees?

Die Heilige Gees is God. Daarom het Hy ook goddelike eienskappe. Hy is almagtig. Ons sien die goddelike mag van die Heilige Gees in die werk van die skepping sowel as in die werk van die herskepping.

In die eerste plek vind ons die werk van die Heilige Gees in die *skepping*. Hy is die Skepper-Gees. Die vroeë kerk het die Heilige Gees die *Creator Spiritus* genoem, die Skepper-Gees.

Met betrekking tot sy skeppingswerk doen die Gees twee dinge:

- ❑ *Hy bring alles tot lewe*:

- In die skepping (Genesis 1:2; Job 33:4; Jesaja 40:13). Alles wat lewe en beweeg, is tot lewe gebring deur die werking van die Heilige Gees.
- In die herskepping (Esegiël 37:9; Johannes 3:8). Waar harte oopgaan voor die Here, dooie sondaars lewend word, mense tot geloof in Christus kom, daar is dit deur die werking van die Heilige Gees.

- ❑ *Hy versier en verfraai ook die lewe*. Ons sien dit by die bou van die tabernakel (Eksodus 31:2-3) en die tempel (1 Konings 6:19-30). Die Gees wat lewe skep, bring ook dit wat Hy geskep het, tot volle ontwikkeling en ontplooiing. Hy maak bekwaam en rus toe. Hy gee krag in die diens van die Here.

In die Ou Testament word die Gees verbind met:

- Die landbou (Jesaja 28:26)
- Argitektuur (Eksodus 31:3)
- Regspraak (Numeri 11:17)
- Politiek (Jesaja 45:1-5)
- Onderwys (Nehemia 9:20)
- Wysheid en wetenskap (Efesiërs 1:17)
- Krag (Miga 3:8)

- ❑ In sy herskeppingswerk is daar óók die lewensverfraaiende werk van die Gees. Die Gees werk lewensvernuwend. Hy vorm die gelowige na die beeld van Christus (2 Korintiërs 3:18). Daar is by God se kinders geestelike groei. Die *vrug* van die Gees (Galasiërs 5:22) word sigbaar.

Dit is besonder treffend om te sien hoe die Heilige Gees in die lewe van die rigter Simson so 'n aktiewe rol speel:

- Die Gees van God lei hom (Rigters 14:25).
- Die Gees van God gee hom krag (Rigters 14:16, 19).
- Die Gees van God maak hom sterk (Rigters 15:14).

Ons vind die Heilige Gees orals. Hy is *alomteenwoordig*.

- Ons kan die Gees van God nie ontvlug nie (Psalm 139:7). Hy kan tegelyk op soveel plekke in die wêreld, in die kerk en in die harte van God se kinders woon en werk.
- Ons kan niks voor die Heilige Gees wegsteek nie. Hy weet wat ons beplan en gaan uitvoer (Jeremia 12:3).
- Die Heilige Gees is sondegevoelig. Waar gesondig word, wyk die Heilige Gees. Dawid het dit besef (Psalm 51:13).

Ons vind die Heilige Gees in die *lewe van Jesus*.

- Jesus is deur die Heilige Gees verwek (Lukas 1:35).
- Jesus is gedoop met die Heilige Gees (Lukas 3:22).
- Jesus is die Draer van die Heilige Gees (Johannes 3:34).
- Jesus is die Uitdeler van die Heilige Gees (Johannes 14:16).
- Jesus is in alles deur die Heilige Gees gelei (Lukas 4:1).

Ons vind die Heilige Gees in die *kerk*.

- Die kerk is 'n skepping van die Heilige Gees. Die Heilige Gees is kerkskeppend besig (Handelinge 2:41; 6:7).
- Die kerk wat die Gees bou, is tegelyk sy woning, 'n geestelike huis (Efesiërs 2:22).
- Die kerk waarin die Gees woon, is tegelyk sy werkplek. Die gebou moet groei en uitbrei. Die Gees is in die kerk groei-stimulerend besig (Efesiërs 4:15; 1 Petrus 2:4).
- Die Heilige Gees gebruik die kerk as die uitvalspoort na die wêreld (Handelinge 1:8).

Ons vind die Heilige Gees daar waar die *Bybel* oopgemaak word.

- Petrus noem die Heilige Gees "die Gees van heerlikheid" (1 Petrus 4:14). Hy is die Gees van die verheerlikte Christus. Hy bring mense onder die heerskappy van Christus.
- Die Heilige Gees doen dit deur middel van die Woord. Calvyn het gesê: "Sedert Pinkster het die Gees hom met 'n onlosmaaklike band aan die Woord verbind." Die Gees verkondig wat Hy van Jesus ontvang het (Johannes 16:14-15). Waar die Woord verkondig word, daar wil die Heilige Gees werk. Dit gaan nie outomaties nie. Daar moet altyd gebid word dat God ons die insig van die Gees gee om sy Woord, sy wil te verstaan (Kolossense 1:19).

Ons vind die Gees in die *hart* van die gelowige. Hy is daar

- die Geloofsbewerker (2 Korintiërs 4:13)
- die Geloofsversterker (Efesiërs 3:16)
- die Leidsman (Johannes 16:13)
- die Gebedsondersteuner (Romeine 8:26-27; Efesiërs 2:18)
- die Advokaat (Johannes 14:15).

In die volgende Bybelstudie gaan ons dit breedvoerig uitwerk.

Ons vind die Heilige Gees by die *heilige Nagmaal*.

- By die viering van die heilige Nagmaal word ons opgeroep om ons harte opwaarts in die hemel te verhef waar Jesus Christus is om met die mond van die geloof sy liggaam te eet en sy bloed te drink. Hoe sal ons dit regkry?
- Daar is, so leer ons belydenis (Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 35), die ondeurgrondelike en onbegryplike werking van die Heilige Gees.
- Die Gees leer ons om die eie natuurlike liggaam en die eie bloed van Christus te eet en te drink. Ons doen dit, so sê ons belydenis, nie met die mond nie, maar met die Gees deur die geloof.

Ek glo in die Heilige Gees (3)

In die eerste bydrae van hierdie Bybelstudiereeks van drie, het ons die vraag beantwoord: Wie is die Heilige Gees. In die tweede bydrae het ons gevra: Waar vind ons die Heilige Gees? In hierdie (laaste) aflewering word die vraag gevra:

Wat kan ons van die Heilige Gees verwag?

Die inwoning van die Heilige Gees

- Daar is die heerlike belofte van Jesus aan sy kerk en aan elke gelowige dat die Heilige Gees by ons sal bly en in ons sal wees (Johannes 14:17).
- Die Gees by ons is soos 'n muur van beskerming (Sagaria 2:5).
- Die Gees in ons soos 'n krag tot volharding in die geloof (Handelinge 2:42).

*Die Gees bring ons in 'n **verhouding** tot Christus*

- Die Gees is die Vriend van die hemelse Bruidegom wat die kerk as 'n bruid by Christus bring (Johannes 3:29).
- Soos Eliëser in die Ou Testament 'n bruid vir Isak gewerf het (Genesis 23), so werf die Heilige Gees 'n bruid vir Christus.
- Die Gees oortuig ons van ons sondes (Johannes 16:8).
- Die Gees leer ons dat ons alleen deur Jesus van ons sondes verlos kan word (Handelinge 4:12).
- God stort deur die Heilige Gees sy liefde uit in ons hart (Romeine 5:5). Daarom het ons Jesus lief, al het ons Hom nie gesien nie (1 Petrus 1:8).

*Die Gees is die Bewerker van **innerlike versterking***

- Die gelowiges het krag nodig om sterk te staan in allerlei beproewinge.
- Paulus bid dat die krag van die Gees diep in die innerlike wese van die gelowige mag deurdring (Efesiërs 4:16).

*Die Gees is die Gees van **gebed***

- Die Gees is die gebedsbewerker (Efesiërs 2:18). Die drie goddelike Persone is by ons gebede betrokke. Deur Hom, deur Christus se soenoffer mag ons tot God die Vader in sy hemelse troonsaal nader. Ons het vrye toegang soos in 'n troonsaal van 'n oosterse vors. Die Gees vat ons aan die hand, Hy gee ons vrymoedigheid om tot God te nader.
- Die Gees is die gebedsondersteuner (Romeine 8:26-27). Ons weet dikwels nie wat en hoe om te bid nie. Die Gees kom ons te hulp. Hy dra saam met ons ons gebed. Hy doen dit met woordelose sugtinge. So pleit Hy volgens die wil van God. God hoor en verhoor dit. So word ons swakke gebed tog verhoor.

Met betrekking tot die Heilige Gees is daar twee opdragte: "Bid in die Gees" en "Word vervul met die Heilige Gees".

Bid in die Gees

- Die Heilige Gees wil ons kragtig bystaan in ons gebedslewe. Ons het die belofte van die bystand van die Heilige Gees. Jesus het gesê: "Hy sal by julle bly en in julle wees" (Johannes 14:16). Maar saam met die belofte is daar ook die bevel: "Bid in die Gees".
- Twee keer lees ons die opdrag: "Bid in die Gees" (Efesiërs 6:18; Judas:20). In Efesiërs 6:18 staan hierdie opdrag binne die beskrywing van die breë terrein van die gebedslewe. Paulus bedoel gebede in die ruimste sin: smeekgebede, danksegging, lofprysing. Al hierdie gebede moet gebede "in die Gees" wees. In Judas vers 20 word hierdie gebedsopdrag gegee in verband met gevare wat ons bedreig. Daar is die groot gevaar dat ons van die liefde van God vervreemd raak. Ons moet onsself opbou in ons allerheiligste geloof en onsself bewaar in die liefde van God. Om dit te kan doen, moet ons bid in die Gees.

- Bid in die Gees is om ons in ons gebede te laat lei deur die Heilige Gees. Bid in die Gees beteken om te bid onder die heerskappy van die Gees. Die Gees oefen sy gesag oor ons uit deur God se Woord. Daarom is bid in die Gees om te bid by 'n oop Bybel en ons deur God se wil te laat lei.

Word vervul met die Heilige Gees

- In Efesiërs 5:18 skrywe Paulus: "Word met die Gees vervul." Vervul beteken om beheers te word. Ons moet ons stel onder die heerskappy van die Heilige Gees.
- Ons lees in die Dordtse Leerreëls: "Gewillige en opregte gehoorsaamheid moet by ons die oorhand kry" (Hoofstuk III-IV, 16). So word ons vervul met die Heilige Gees. Hy kry volledige gesag oor ons. Ons onderwerp ons heelhartig aan sy heerskappy.

L Floor

© 2014
www.christelikemedia.org